# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## God alleen is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang

**Skriflesing:**
Open 4:1-11; 5:1-14(1983)

**Teksvers:**
Open 4:11; 5:11,13,14

**Sing:**
Ps 90:1,9
Ps 40-1:4
Lied 169:1,2,3
Sb 10-2
Sb 1-2:1-3
Sb 13-3

**Prediker:** Ds Gerrit Kruger

Daar was nog altyd 'n stryd in God se kerk op aarde. Ons lees daarvan in Openbaringe 1-3. Ons hoef egter nooit te twyfel of moedeloos te word nie. Juis in Openbaring 4 lees ons van God as Skepper, wat op sy troon sit en in Openbaring 5 van Jesus Christus wat alleen waardig en in staat is om boek in die Vader se hand oop te maak.

Psalm 33:7
*(Berymd. Totius)*
"Die HEER wat bo die wentelkringe
van son en maan sy rykstroon stig,
aanskou die mense en alle dinge -
daar's niks bedek voor sy gesig.
Uit sy vaste woning / waar Hy heers as Koning,
sien Hy, Skepper-HEER,
uit oneindig hoë / blou-deurglansde boë
op sy skepsel neer."

1 Johannes sien die hemele op 'n skrefie oop.
2 Johannes sien 'n troon.
3 Johannes sien hoe alles en almal God loof en prys.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Diepe ontsag vir God lei tot ware broederliefde

**Skriflesing:**
Hebreërs 12 en 13 (1983)

**Teksvers:**
Hebreërs 12:29

**Sing:**
Ps 66:1,7
Ps 103:1,9
Ps 128:1,4
Ps 47:3,4
Sb 13-3

**Prediker:** Ds Maarten van Helden

Ons staan hierdie kwartaal tydens aanddienste stil by die TWEEDE TAFEL van die Wet van GOD.

In die Hebreërbrief word ons herinner aan die offer van die Hoëpriester wat Homself as Lam van geoffer het vir ons redding en verlossing van al ons sondes. Wie Hom verag kry met 'n vreeslike God van oordeel te make.

Wie Hom eer sal dit in sy alledaagse lewe op 'n heel praktiese manier uitleef in die gewone gang van die alledaagse lewe.

So kom die eerste en tweede tafel in Christus by mekaar uit.



KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion
Jaargang 49 Nr 11 7 April 2024

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

# God is altyd in beheer as Skepper, as Verlosser en as Trooster!

**Demografie van Klassis Burgersdorp in die Oos-Kaap**

Klassis Burgersdorp is 'n plattelandse, uitgestrekte gebied waar die bevolking yl gesaai is. As ek daar bevestig word sal ons DV 3 voltydse predikante wees om 16 gemeentes te bedien, versprei oor 'n baie wye gebied.

Van Noord na Suid, Aliwal-Noord in die Noorde, na Queenstown in die suide, is 163 km ver.

Vanaf die Ooste Maclear/Elliot na De Aar in die verre weste is 550 km ver.

Rofweg kan die klassis in die Oostelike deel en die Westelike deel verdeel word met die volgende indeling:

- In die Westelike deel is daar agt gemeentes en drie predikante; ds. Bain (Oranjerivier in Orania), ds. van der Westhuizen in Colesberg *(wat 'n jaar studieverlof het en in die VSA is)* en De Aar, ds. Deysel in Venterstad.
- In die Oostelike deel met slegs een predikant is daar 7 gemeentes:

  Burgersdorp *(DV ds. Gerrit Kruger)* Die volgende gemeentes het geen predikante nie, Aliwal-Noord, Molteno, Queenstown, Dordrecht, Maclear/Elliot, Barkly-Oos.

  Die hele klassis het net 'n bietjie meer lidmate as wat die Gemeente van Centurion het, te wete 1400 in totaal.

Dit bring geweldige uitdagings mee. Nogtans is dit die Here se kerke en die Here is steeds in beheer. Daarom kan en mag ons nie ons oë en ore sluit vir die nood van die plattelandse-kerke nie. Ons mag hulle nie negeer as klein en nietig nie. Ons moet steeds kyk waar ons kan help, op watter wyse ookal. Die belangrikste en grootste hulp wat ons kan gee is deur voorbidding te doen.

In Centurion is daar baie mense met noue bande met Burgersdorp. Om net 'n paar te noem: Wouter Styger se pa en ma boer in die distrik en dit is waar hy grootgeword het. Henda Vreugde se pa was vir jare 'n mediese dokter in Burgersdorp. Die eerste teologiese skool was in Burgersdorp gewees.

Daar lê vir my en Rika harde werk voor. Ons bede is dat die Here aan ons die geloofsvolharding, die gesondheid en krag en lus en ywer sal bly gee om hierdie heerlike roeping te kan en mag verrig.

***Soli Deo Gloria – Net aan God die eer.***

Ds. Gerrit

## ALGEMENE INLIGTING

**EREDIENSTYE**
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Gereformeerde Kerk Centurion – Groei na Christus

**Die nuwe lewe in Christus!**

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 7, Ps 118:12 — Volgende week: Les 8, Ps 118:12

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná die Skriflesing na die kleuterklas kamer 8.
Vandag: Josua, Ps 100 — Volgende week: Gideon 1, Ps 100

### KOLLEKTES

| Vandag: **Barmhartigheid** **(**tydens erediens ) | Vandag: **Thusofonds** (by die deure) | **Instandhoudingsfonds** |
|---|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Kerkkas** | |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



# *Verjaarsdae*

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 07-Apr | André | Hattingh | C08 | 27832997319 |
| 08-Apr | Philip | de Kock | B01 | 27826573300 |
| | Heinrich | Grimsehl | C09 | 27837784665 |
| | Lillian | Koekemoer | B16 | 27662235877 |
| | Wouter | Styger | B01 | 27798868344 |
| 09-Apr | Cilliers | du Preez | A01 | 27737773777 |
| | Beatrix | Kotzé | C03 | 27829225987 |
| | Mariki | Lessing | B04 | 27722792840 |
| | Nelly | Silvis | C11 | 27829214904 |
| 10-Apr | Joani | Cronje | A02 | 27745849413 |
| | Heine | Niehaus | A12 | 27825695909 |
| | Annatjie | Rademan | A05 | 27764086522 |
| | Reinert | v Niekerk | C06 | 6671784 |
| 11-Apr | Marnus | du Plessis | A14 | 27818414527 |
| | Iréne | Grobler | B06 | 27796218607 |
| | Madelein | van Zyl | C13 | 27832724884 |
| 12-Apr | Luzia | Combrinck | A07 | 27825622057 |
| | Sakkie | Malherbe | B05 | 27728229223 |
| 13-Apr | Ancois | v Niekerk | C03 | 27832432607 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 07-Apr | Albert | Jacobs | C14 | 27823258834 |
| 08-Apr | JD | Steyn | C06 | 27720607107 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Karin Verreynne sterk aan na ’n prosedure (C11—082 955 5369).
- Gawie Erasmus ondergaan komende week ’n operasie (C5—082 448 9658).
- Willa Heystek het ’n draai in die hospitaal gemaak (B7—644 1507).
- Rina Venter sterk aan na ’n operasie (C1—071 403 4143).
- **Meelewing** word betuig met Billy du Toit, familie en vriende na die afsterwe van Elsa, wat gedurende die week oorlede en begrawe is.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# *Geluk*

*met die huwelikbevestiging:*

- ♥ Dean en Lize Mari vd Berg,
- ♥ Jaun en Engeli Kok,
- ♥ Tertius en Annelize Horak en
- ♥ Marno en Mariné du Plessis.

### *Beroepe aanvaar*

- Rev. CMD (Mauritz) Bezuidenhoudt from the Calvary Presbytery (Presbyterian Church in America) to Grace Reformed Church of Northern Pretoria.
- Proponent CJ (Christiaan) Swanepoel na GK Derdepoort.

## NUUS VAN DIE PROJEKSPAN

Verlede jaar se projekte was baie suksesvol en ons bedank almal wie betrokke was by die inisiëring en hantering van verskeie projekte. Groot dank aan elke lidmaat vir die ondersteuning wat ons ontvang het.

Soos u weet, moet die instandhouding van die fasiliteite nou ten volle deur die projekte befonds word.

Die Kerkraad het 'n **Instandhoudingsfonds** goedgekeur waar u 'n bydrae kan maak. Moet nou asb nie u maandelikse dankofferbydrae verminder om tot die instandhoudingsfonds by te dra nie. *Hoe dra u by?* Almal is nou al vertroud met die QR-kodes vir kollektes. **Daarom stel ons nou 'n ekstra QR-Kode beskikbaar vir Instandhoudingsfonds** (vir geboue en terrein).

Ons doen 'n beroep op u om ook binne u vermoë tot hierdie fonds by te dra.

<u>Wat is sovêr gedoen</u>?

1. Die ligte binne die kerk is vervang. Die besparing wat dit meebring aan die kragverbruik beloof om baie te wees. Dankie aan Eric Guldemond, Leon Venter en Solly Muhlarhi vir die harde werk.
2. In die kombuis is ook herstelwerk gedoen. Baie dankie aan almal wat betrokke was by die uitvoering en opgradering daarvan.

<u>Wat is nou dringende behoeftes</u>?

1. Die elektriese installasies van die kerkgebou, GTA-grot, katkisasielokale, kombuis/saal, en orrel moet dringend ombouing/herstel ondergaan sodat ons die nodige sertifikate van voldoening (CoC) kan ontvang wat deur die versekering vereis word.
2. Die predikante se parkeerafdak moet herstel word – sinkplate moet vervang word, die struktuur moet verstewig en geverf word.
3. Die GTA-grot se dak en faciaborde moet herstel word.

U kan dus sien dat ons werk vir ons uitgeknip is vir 2024 en ons vertrou dat ons weer die nodige fondse sal kan insamel om hierop voort te bou.

U kan gerus idees gee oor fondsinsamelings en/of u hulp aanbied.

Die groot funksie op die kalender is die **Mark op DV 7 September 2024.**

Soos u ook weet, is die Ruil/Verkoopgroepie steeds operasioneel – skakel gerus met Ds van Helden om deel daarvan te word.

**<u>Instandhoudingsfonds</u>**


By voorbaat dankie vir u ondersteuning.

Die Projekspan.



# PROGRAM VIR AFSKEID VAN DS GERRIT EN RIKA KRUGER

### 7 APRIL 2024



Direk na die erediens word Ds Gerrit en Rika na vore genooi deur ouderling Pieter Wolmarans.

**Afskeidsboodskappe:**

1 Ouderling Gerrit Kamper namens GK Centurion.

2 Ds. Christo Swanepoel namens Klassis Pretoria Suid-Wes.

3 Carla Venter namens die jeug.

4 Phia van Helden namens die Susters.

5 Ds Gerrit Kruger groet die gemeente.

Gemeente sing Engelse lied en seënbede van Psalm 134:1,4

Tee & verversings na afloop van die verrigtinge

12:00 Gemeente-ete (Diakonie)

Freek du Toit sal omsien na die neem van foto's

**Klein advertensies:**

**Huiskontrakteur –** herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u, die verkoper, se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

**Huis, woonstel/kantore te huur** Lyttelton Manor, R15 000pm - 3 sk, 3 bk, 2 kombuise, 2 TV kamers, toesluit mh, 3 afdakke, swembad, ens. Kontak Ben vd Walt 082 402 4095.

**Belasting Konsultant.** Individue, Besighede en Boere. Hennie van Rooyen 082 932 5634/ hennievr.tax @gmail.com

**Lewensafrigting** (*Life Coaching*). Hak die ratte van jou lewe vas? Kontak Linda by 0722278645 of lindajordaan.lc@gmail.com vir meer inligting.

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 794 2728.

**Huishulp soek werk** - In Afrikaanse huis, sonder kinders. Sy is 'n voorslag, beste werker ooit. 100% betroubaar. Werksure 6:30-14:00. Ek kan haar van harte aanbeveel, Rika. Skakel Jane: 0769662119.






## Dopperspele

**11 Mei 2024**

GKC wil 'n span inskryf vir die jaarlikse Dopperspele. Dit is 'n dag vol pret en samesyn.

Meer besonderhede sal later bekend gemaak word.

## Kleuterklas

## Begin weer vanoggend

♥Klas word aangebied in die **Graad R katkisasie lokaal** tydens die diens (na Skriflesing).

♥Klas is om kleuters 'n **ouderdoms gepaste boodskap** te gee en hul **liefde** vir die kerk te ontwikkel.

♥Klas word aangebied in skoolkwartale, daar is geen klas in **vakansietyd**, **langnaweke** of **Nagmaal** Sondae nie.

♥ Die klassies is vir kleuters tussen **2-5 jaar oud** wat gemaklik is om alleen by die klassie te bly sonder mamma/pappa.

**Indien jy betrokke wil raak skakel**

**Werner Human 084 549 6503**





## Die Wyse Gryses

Maandag **8 April om 10:00**
in die kerksaal

Christa Janse van Rensburg gaan vir ons terugvoer gee oor hulle Khomani San uitreik in die Kalahari gedurende Oktober 2023.

Liezl Potgieter en Rieka Bruwer gaan ook insette lewer en dit toelig met foto's op die skerm.

Christa is al 10 jaar betrokke by hierdie uitreik en beleef dit elke keer baie spesiaal!

Kom luister gerus en beleef ook hierdie uitreik!

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/ herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

07 Apr
Bieuwkje Pretorius A12, A10, A13, A16
Wilmarie Rheeders B8
Hannie vd Bergh C7

**14 Apr**
Elize Pretorius A7, A18
Cecilia Wolmarans B18
Tia Grünenfelder C13



## Jan die Koperkan



Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan.

Kom skenk gerus al u koper/silwer geld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.

**Dankoffers ontvang soos op 31 Maart 2024**

| Maand | Ontvang | Begroot | Surplus/ Tekort |
|---|---|---|---|
| Januarie | 557 482 | 574 833 | (17 351) |
| Februarie | 502 473 | 574 833 | (72 361) |
| Maart | 599 100 | 574 833 | 24 267 |
| **Jaar tot Datum** | **1 659 055** | **1 724 500** | **(65 445)** |